# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby - familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 356 · 18 OKTOBER 2024**
**Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za**



# PERDERUITERS SKITTER

Algehele 2de plek in die Hoërskoleliga.
1ste in die Western Mounted Games afdeling.
2de in die Dressage afdeling.

Spanlede:
Emma de Wit, Chanel Haasbroek, Kiara Hough, Kristi Ferreira, Mia Harmse en Zandri Stumke.

Baie geluk!

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS DEUR SUNRIDGE VILLAGE GEBORG**

# MUSIEK

Die volgende musiekleerders het op 14 Oktober hul Trinity eksamen afgelê en die volgende puik uitslae behaal:

Matthew Grebe klavier graad 5:  76%
Heinrich Crouse klavier graad 4:  96%
Ricah du Plessis klarinet graad 5:  93%
Luka Bessinger eufonium graad 7:  89%

Baie geluk aan hierdie vier leerders!



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

*Hoërskool Framesby*

HANDHAAF EN BOU

Cornelialaan
Framesby, Port Elizabeth
Tel: (041) 360 1257

Skoolhoof: Mnr. M. Germishuys

Posbus 28065
Sunridgepark 6008
Faks: (041) 360 7787

E-pos: skoolhoof@framesby.co.za
Webwerf: www.framesby.co.za


**Omsendbrief No. 1/2024**

Geagte Ouer

**ALGEMENE OUERVERGADERING: DINSDAG 12 NOVEMBER 2024 OM 19:00 IN SKOOLSAAL**

Volgens Artikel 38 van SA-skolewet moet ouers van **huidige** leerders 30 dae voor bogenoemde vergadering skriftelik hiervan in kennis gestel word.

Die begroting kan vanaf Dinsdag, 5 November 2024 in die skoolhoof se kantoor besigtig word.
Ouers moet vooraf skakel om 'n afspraak te maak, indien u belangstel om na die genoemde dokumentasie te kyk.

Tydens hierdie geleentheid word die skoolbegroting vir 2025 aan ouers, vir kennisname en goedkeuring, voorgelê.

Indien die begroting nie goedgekeur word nie, sal die volgende vergadering op Dinsdag, 19 November 2024, om 19:00 gehou word.

Die uwe

M. Germishuys

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF

16 September 2024



# ONS HET NUWE BANKBESONDERHEDE

Standard Bank is nou die hoofbankier vir **HOËRSKOOL FRAMESBY.**

Ouers, leerders, diensverskaffers, lede van die publiek en verskeie belanghebbendes word dus ingelig oor die **HOËRSKOOL FRAMESBY** se nuwe bankvennoot.

## Bankbesonderhede

Naam van Bank:
**Standard Bank**
Rekeningnaam:
**Framesby High School**
Rekeningtipe:
**Besigheidstjekrekening**

Rekeningnommer:
**080344887**
Tak:
**Port Elizabeth**
Takkode:
**050017**

Verwysing: **Unieke verwysingsnommer**

---

Alle belanghebbendes word aangemoedig **om die nuwe bankbesonderhede van nou af te gebruik.**

# ONS GESELS MET: RENE LE ROUX





WOW, wat 'n eer is dit nie om hierdie berig te skryf nie. Ek lees elke Framesby oudskolier se berig en dan dink ek altyd wat sal ek sê as ek gevra word om iets te skryf.

Ek het in 2001 gematrikuleer en wat 'n lekker 5 jaar van hoërskool was dit nie! Ek sê altyd vir mense ek sal enige tyd weer daai tyd van my lewe oordoen. Dit was van die beste tye van my lewe. Dan kyk almal my aan asof ek mal is. Skool was vir my lekker – behalwe die leergedeelte natuurlik!!

St.6 stap ek in Framesby in en dis 'n groot skool met baie kinders, nuwe onderwysers en geen van my vriende is saam met my in klasse nie. Ek het egter baie vinnig my voete gevind en my nuwe "normaal" vir die volgende 5 jaar het begin.

Na ek ontdooi het, het ek met almal oor die weg gekom, van die hoër grade tot die "cool kids" en die "not so cool". Ons het wel 'n hegte groepie vriende gehad, ons was 'n regte rebelgroepie, en ons het saamgestap tot matriek. Ek het nog steeds kontak met sommiges. Ek het 'n hegte band gevorm met Zunicka, wat na al die jare nie net 'n vriendin is nie, maar soos 'n suster is. Haar familie is soos my familie.

Ek het glad nie uitgestaan in sport of akademie nie. Ek het netbal gespeel tot st.7, toe het ek gaan hokkie speel tot in matriek.

As my geheue my nie in die steek laat nie, was ons groep die eerstes wat die "cheerleaders" begin het. Na 'n lang gesoebat by mnr. Rauch het hy ingestem dat ons kan dans voor die rugby begin. Ek en Zunicka het ure en ure musiekvideo's gekyk om 'n dansie te kon uitwerk, "pom poms" met swartsakke gemaak en geld bymekaar geskraap om ons truie te laat maak. Ons moes swart langbroeke dra (dit was een van die voorwaardes van die hoof). So het ons die rugbyseisoen suksesvol deurgewerk. Jammer ek het nie 'n foto van ons cheerleader groep nie.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY OUDSKOLIERE

Daar was soveel lekker tye in Framesby – die interhuis-atletiek met ons matrieks, waar ons met 'n brandweertrok ingekom het; om Saterdae die rugbywedstyde te gaan kyk was 'n "highlight". Sokkies, 40 days, die bankies wat elke jaar se matrieks by die opslaanklasse kon oorverf, pouses se slap chips op 'n bun en 'n Inside Story-sjokolade by die snoepie was wet. Die matriekafskeid waarvoor jy jou hele skoolloopbaan wag, die matrieks se wakkerbly aand in die skoolsaal en dan die minder lekker – die gevreesde eindeksamen en die gebedjies wat jy opskiet om die bietjie wat jy geleer het asb. tog net te onthou!

Almal se skouers het gehang met saaldae en ons het op ons stadigste saal toe geloop en gehoop teen die tyd was ons daar kom is dit dalk al verby.

Om klasse te wissel was iets waarna almal uitgesien het, veral as jy 'n entjie moes loop na die volgende klas, om net gou 'n gesels te kan inkry met iemand of net gou weer deur jou werk te loer voor 'n toets.

Daar is 4 onderwysers wat ek vir altyd sal onthou - Juffrou Kennedy-Good was my register juffrou van st.7 tot matriek – sy was aan die einde van matriek meer soos 'n ma as 'n juffrou. Sy het die sagste hart gehad en altyd met ons gesels en grappe gemaak en altyd vir ons gelag as ons verwoed huiswerk sit en aframmel het voor die klok lui.  Mnr Rauch het ons "laatkommers" altyd in sy klas ingewag. Op die trap om te hoor waar was ons was en hoekom ons so lank vat om by sy klas uit te kom. Hy het dag na dag met 'n smile gesê:  "Moenie dat dit weer gebeur nie," wetend dit gaan net die volgende dag weer gebeur.  Mnr. Van Niekerk - ek glo tot vandag toe hy kan nie 'n vlieg skade aandoen nie en dan ons Engels juffrou, ek kan nie haar van onthou nie, maar sy het die langste lang blonde hare gehad – sy was streng, maar het 'n liefdevolle siel teenoor elke liewe kind gehad.

My hart was regtig seer die dag wat ek die laaste keer uit Framesby gestap het.  Ek kon nie glo iets wat elke dag vir my lekker was, is nou verby nie.  Ek het gedink hoe nou, wat nou, want ek het nie planne gehad om te gaan studeer nie.

Ek het in Polokwane opgeëindig toe ek 21 was en bly nog steeds hier.  Ek het by prokureurs gewerk en het toe in die makelaarbedryf inbeweeg.  Ek is 'n korttermynmakelaar al vir die laaste 18 jaar.

Ek is hierdie jaar 14 jaar getroud met Danie en ons lewe draai om ons seun, Niel, wat nou 13 is. Hy hou ons naweke besig met hokkie, rugby of gholf.  Ons "happy place" is Swakopmund, Namibië en dit is waar julle ons een keer 'n jaar sal kry met vakansie.

Daar is geen twyfel dat as jy eers in Framesby instap, jy daar gaan uitstap sonder 'n goeie fondasie vir die toekoms nie.  Of jy nou in sport of akademie presteer of soos ek nie een van die 2 nie, jy sal iets van Framesby vir altyd in jou dra.  Maak skool vir jou lekker, neem deel, maak goeie pelle, wees so bietjie stout!!!

Dit was LEKKER om 'n Framesby te is!!!!

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY NETBAL KEN-MEKAAR OEFENKAMPE




**VIR VOORNEMENDE GR. 8-LEERDERS VIND PLAAS OP**

| | | |
|---|---|---|
| 1 NOV | 15:00 – 15:45 | GIMNASIUMSESSIE |
| 2 NOV | 08:30 – 10:00 | BAANSESSIE |
| 8 NOV | 15:00 – 15:45 | GIMNASIUMSESSIE |
| 9 NOV | 08:30 – 10:00 | BAANSESSIE |
| 22 NOV | 15:00 – 15:45 | GIMNASIUMSESSIE |
| 23 NOV | 08:30 – 10:00 | BAANSESSIE |
| 29 NOV | 15:00 – 15:45 | GIMNASIUMSESSIE |
| 30 NOV | 08:30 – 10:00 | BAANSESSIE |

Alle gimnasiumsessies vind plaas by die Framesby-Gimnasium.
Alle baansessies vind plaas by die Framesby-netbalbane

*Hoërskool Framesby*
HANDHAAF EN BOU

**Navrae:**
**Charmaine Beetge**
**079 885 5416**

# Framesby Foto's

Skoolfoto's is nou oop vir bestelling- Hierdie foto's sluit rondte 1 en 2 in.

Webtuiste: https://dirkmoggee.co.za/client-galleries/
Wagwoord: framesbyfotos2024

- Laaste dag vir bestellings is die 25ste Oktober- afgelewer by Die Hanger teen die 11de November.
- Sodra jou bestelling via die webtuiste geplaas is, sal jy 'n e-pos met betalingsbesonderhede ontvang.
- Geen bestelling sal gedruk of geprosesseer word voor betaling ontvang is nie.
- Vir enige navrae, kontak gerus ordersdmpv@gmail.com





MARGIT MEYER-RÖDENBECK
OUMA
IS OP PAD
MET COENRAAD RALL
OP KLAVIER
PE/GQEBERHA
HS FRAMESBY KULTUURSAAL
TEKS: JURG HUMAN
Datum 31 OKT, 1 NOV
Venue
Tyd 19:00
Kaartjies COMPUTICKET

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

## Oudskolier

Mornay Heunis *(matriek 1986)*
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek 2000)*
Keagan Tait *(matriek 2016)*
Ernst Stapelberg *(matriek 2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek 2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek 1999)*
Tania Crouse *(matriek 1995)*
Johathan Gardiner *(matriek 2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek 1998)*
Konrad de Villiers *(matriek 2006)*
Henry Claassen *(matriek 1991)*
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*
Charl De Lange *(matriek 2003)*
Anoniem *(matriek 2009)*
Anoniem *(matriek 1996)*
Lourens Grundling *(matriek 2006)*
Marieta Kemp (matriek 1973)
Mariette Geldenhuys (matriek 2000)
Konrad Wagener (*matriek 1995)*

## Ouers, Oudouers / Beheerliggaam

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Sonia Gunn (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Andrè Grundling (ouer)
Zanelda Grundling (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)
Abrie Myburg (ouer)


## Personeel / Oudpersoneel

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *barometer*



# OUDSKOLIERE BERIGTE

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer of sommer self iets wil skryf, kontak ons gerus: fos@framesby.co.za

Ons wil graag berigte van al ons oudskoliere plaas, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak. Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby-herinneringe.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# ADVERTEER BY FRAMESBY

Adverteer jou besigheid. Ons almal kan doen met goeie reklame.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasie vir jou besigheid om meer voete te waarborg. Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bemark.

Dit sal vir Hoërskool Framesby 'n voorreg wees indien u maatskappy met die topskool in die Oos-Kaap wil assosieer.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.

Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257




SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# KOM HANG UIT BY 'DIE HANGER'

DIE HANGER

Ons is baie opgewonde om die Graad 8's van 2025 te ontmoet!

Die winkel staan reg om julle gereed te kry vir julle Hoërskool Framesby-loopbaan! Kom 'hang' by Die Hanger en kom kyk watter oulike skoolitems ons vir julle het!

Ons tye is soos volg
Maandae - Donderdae 12:00 - 16:30
Vrydae 08:00 - 11:00

Ouers is meer as welkom om nou al klere te kom bestel, aankope te doen en reëlings te tref om die stormloop later die jaar te vermy!

Sien julle by Die Hanger

Charnelle

CHARNELLE 082 342 8113 - KATRIEN 072 407 0670
CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# DIE HANGER

## AANDAG ALLE VOORNEMENDE GR.8-OUERS:

Ons is die volgende dae ook oop vir aankope:

Vanaf 09:00 - 12:00

- 24 Augustus 2024
- 31 Augustus 2024
- 14 September 2024
- 28 September 2024
- 5 Oktober 2024
- 19 Oktober 2024
- 26 Oktober 2024
- 2 November 2024
- 16 November 2024
- 30 November 2024
- 7 Desember 2024
- 14 Desember 2024
- 16 Desember 2024
- 17 Desember 2024

**CHARNELLE 082 342 8113**
**KATRIEN 072 407 0670**
**CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

DIE HANGER

# Kombers




**1m x 1.5m**
**R190**

# DIE HANGER




## Koppies
**R60**




## Tumblers
**R200**




## 1.2L Tumbler
**R390**


SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY NETBAL *Akademie*



## HOËRSKOOL FRAMESBY KONDIG MET TROTS AAN:

**‘n Junior netbalakademie word onder leiding van me. Charmaine Beetge en mnr. Johann van der Walt met ingang 14 Oktober gestig.**



Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

**skryf in deur op die skakel te druk:**

**https://tinyurl.com/netbal-akademie**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7


FRAMESBY HOKKIE
Akademie
GRAAD 4 - 7
Oktober & November 2024
Donderdae, 16:00-17:30
GRAAD 1 - 3
Oktober & November 2024
Dinsdae, 16:00-17:30
Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU
sluit aan by die vlam!
Bespreek jou plek by Jordan Drury - jdrury@framesby.co.za

# FRAMESBY KRIEKET *Akademie*

## 21 OKTOBER – 29 NOVEMBER

### GROEPSESSIES

**OUDERDOM: 11-13**

## ALLE SESSIES VIND PLAAS BY FRAMESBY SE KRIEKETNETTE

Bespreek jou sessies deur op die skakel te druk:

*https://tinyurl.com/krieket-akademie*

**Vir meer inligting kontak**
**Aubrey Ferreira**
**072 323 1010**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7